


**DROË VRUGTE:** Te koop by kerkkantoor tbv Botswana-uitreik.

| | |
|---|---|
| Geskilde perskes: | R85 p/kg<br>R45 p/500g |
| Ongeskilde perskes: | R65 p/kg<br>R35 p/500g |
| Pitlose rosyne: | R50 p/kg<br>R25 p/500g |



# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

## AFKONDIGINGE: 17 JUNIE 2018

*"Aangesien julle dan Christus Jesus as Here aangeneem het, moet julle in verbondenheid met Hom lewe, in Hom gewortel en op Hom gebou, vas in die geloof soos julle geleer is, en met dankbaarheid vervul". (Kolossense 2:6-7)*

## PROGRAM VIR VANDAG

**DEUROFFER:** Spesiale offer vir die Kinderkerk. ***Biddag vir Jeug en Kategese.***

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-7 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoomblik in die diens. Gr 10 en 11 vergader nie. Gr 9 soos deur ds Robert gereël.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee ontmoet jou graag na die diens voor die kansel.

## VOLGENDE SONDAG



**EREDIENS:** Om 09:00 in kerkgebou (ds André).
Vleesbaai om 09:30 (ds G. Malherbe).

**DEUROFFER:** Spesiale offer vir Jan Kriel Instituut.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Geen agv skoolvakansie.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

**Ds Danie:** Maandag 15:00 (Santos 2 sitkamer) en Dinsdag 09:30 in die kerk.

**Ds Robert:** Dinsdag 09:00 te 17de Laan 18 en 19:00 Tienie Bothastr 3. Donderdag 09:00 Vleesbaai/Rietvlei.

**Ds André:** Dinsdag om 09:30 in die saal. Woensdag selgroep om 18:30 te Boekenhoutstr.

**Dinsdag:** Gebedsbyeenkoms om 17:15 in die konsistorie.
**Woensdag:** Santos Haven Biduur om 15:30 by Santos 1 (ds Danie).
**Donderdag:** Manne bid 06:00 in die "gat" onder die verhoog.
**Vrydag:** Skole sluit vir wintervakansie.

## BANKBESONDERHEDE

*Dankoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 058 0031*

*Geloofsoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 016 7886*

## BELANGRIKE INFO

**KOSKAS:** Junie is **Streek C** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Joey (073 2988 142).

**DEURKOLLEKTE:** Sinodale offer vir Gemeentehulpfonds was R2874-20.

**BEWYSE ONTVANG:** Jacobus HL Strauss, Jean L Strauss, David J Strauss (Blandstr) vanaf Mosselbaai. Edward J Valentine (doop), Isabella L Valentine (doop), Vincent E Valentine (Blandstr) vanaf Mosselbaai. Marelize Valentine (Blandstr) vanaf Meerensee. Hartlik welkom!

**VERLOF DOMINEES:** Ds Robert is DV 15 Junie—17 Julie met verlof. Ds Danie 22 Junie—4 Julie en Ds André 5-17 Julie. Kontak gerus vir ds Danie of André gedurende die vakansietyd as hulle hier is. Hulle los mekaar af.

**SAAMKUIER NA DIENS:** Lekker koffie en tee word na die diens in die kerksaal bedien. Kom kuier lekker saam en leer mekaar beter ken.

**BOTSWANA UITREIK:** Die span vertrek 25 Junie weer na Werda in Botswana. Kan ons weer vra vir beskuit of koekies vir die span? Dit is 'n baie lekker vullertjie vir honger tieners, trouens almal geniet dit! Indien u vir ons kan voorsien hiervan, kan u dit afgee by die kerkkantoor teen Donderdag, 21 Junie. Die pakkery is nogal 'n groot storie en ons moet net seker maak ons maak pakplek daarvoor.

**HERBERG KINDERHUIS:** Ons beplan om weer die eerste week in Julie, na die skoolvakansie, pakkies na die Kinderhuis te neem.
Die volgende word benodig: Skoonmaakmiddels (Poeierseep, "handy andy", skottelgoedseep en vadoeke). Toiletware (Shampoe, toiletseep, handeroom en waslappies). Koekies, lekkers en beskuit. Toebroodjiesmere (Marmite, grondboonbotter, konfyt, stroop). Blikkies vleis, vis en tuna. Weense worsies, polonie en kaas. "Chips & Snacks", grondbone en rosyne wat in kosblikke kan kom.
Kontant ook welkom, dan koop ons aan wat ons nie ontvang het nie. Daar is ongeveer 15 dogters in Huis C van Laerskool ouderdom. Handig asseblief in voor of op 13 Julie in by kerkkantoor. As u van 'n geleentheid weet na Robertson, kontak ons asseblief.
Navrae: Joey de Jager 073 298 8142 of 044-6910116

**BLOKKIESRAAISEL:** Kan verkry word by die kerkkantoor @ R10. Fondse gaan vir die Vonkelvroue. 'n Skildery van Anthony Nobel kan gewen word.

**DVD:** Paasfees met Blomme beskikbaar. Donasie is welkom. Fondse gaan vir die Botswana uitreik.

**VROUE BREIPROJEK:** 3de Kwartaal brei ons vir SmartStart kinders van 3 maande tot 4 jaar. Woensdae 10:00—12:00 in die saal. Nogmaals baie dankie aan elkeen wat gebrei het vir Herberg Kinderhuis.



## GEBEDSBULLETIN

**JUNIE se tema: Ons sondes**

Hierdie week se DANKSEGGING:

* Vergifnis van sonde deur die bloed van Jesus en vir versoening met die Vader.
* Aardse vaders wat deur harde werk voorsien vir hulle gesinne; die voorbeeld van pa's vir hulle kinders.
* Hemelse Vader se sorg, voorsiening, nabyheid en liefde. Ons Vader is nader aan ns as wat ons dink. Hy wag vir verlore seuns en dogters om tuis te kom.

Hierdie week se VOORBIDDING:

* Die jongmense en kinders van die gemeente - bid dat ons veral vir die tieners 'n geestelike tuiste sal kan bied.
* Die jeug van SA. Baie het glad nie 'n vaderfiguur nie of 'n positiewe ervaring van 'n pa nie.
* Arbeidsbediening - oop deure by besighede.
* Die uitreik na Botswana.
* Droogte - dit is baie droog in ons distrik. Kaapstad het goeie reën gehad maar Port Elizabeth nog nie.
* Skoliere en studente wat eksamen skryf, vakansietyd.




**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:

Petro Alberts Benevolent Park, Mara Odendaal 22ste Laan, Thea Westraadt Powriestr, Mariette Munro Fieldstr, André Joubert Montagustr, Tokkie Marx Fijnboschpark, David (jr) Koch Nerinaweg, Ria Botha Edgar Furnesstr, Piet Aylward Oesterlaan Boggomsbaai, Pieter Olivier Kenani, Leona Shepherd Heidevilla

**STERFTE:** Dries J van Rensburg Pinnacle Park (eggenoot van Ina)